

# ’n Lied in die Nag

Kotie Schoeman



# ’n Lied in die Nag

***’n Versameling gedigte en gedagtes***

Kotie Schoeman
2006

*Maar niemand sê: Waar is God my Maker, wat lofsange gee in die nag.*
*Job 35:10*

Hierdie boekie is ’n altaar vir die God
wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid;
en by my was op die pad wat ek moes gaan.
*Genesis 35:3*

Omslag: Waterverf skildery deur
Baba van Heerden-Möller

# Inhoud


| | |
|---|---|
| 1901 – 'n Klaaglied | 73 |
| 1901 – 1998 | 74 |
| Ag My Heer, Hoe Sal Ons Maak? | 60 |
| As Die Fondamente Omgegooi Word…! | 59 |
| Baie Dankie | 80 |
| Ben | 33 |
| Bly By Ons | 12 |
| Die Alfa En Die Omega | 43 |
| Die Ander Lewe | 28 |
| Die Ander Voorwerp | 20 |
| Die Dood Van 'n Kind | 34 |
| Die Dood Van 'n Lewensmaat | 39 |
| Die Engel In Die Storm | 44 |
| Die Groot Stad Ninevé | 29 |
| Die Hubble | 26 |
| Die Keuse | 10 |
| Die Leë Plek | 37 |
| Die Mens | 9 |
| Die Onmoontlike Wens | 11 |
| Die Vettigheid Van Die Olyfboom | 53 |
| Die Vrou | 49 |
| Die Wilger In Die Somer | 66 |
| Die Wilger In Die Winter | 67 |
| Donkerblink | 35 |
| Egskeiding | 40 |
| Ekskuus Meneer, U Sal My Nie Glo Nie ! | 61 |
| Genade | 56 |
| Hier Is Ek | 25 |
| Hoor My Beminde | 7 |
| Hulle – Die Blindes | 19 |
| Inhoud | 2 |
| John Donne: 1572 – 1632 | 27 |
| Kom Saam Met My | 15 |
| Kontak Verloor | 36 |
| Laat Daar Lig Wees | 22 |
| Lekker Ure | 72 |
| Maak Baie Gate! | 47 |
| Mei Rose In Johannesburg | 68 |
| My Kleinseun | 71 |
| My Lig | 77 |
| 'n Engel Onder Die Palmboom | 54 |

| | |
|---|---|
| 'n Kind Is Gebore | 8 |
| 'n Lied In Die Nag | 1 |
| 'n Ode Aan My Rose | 70 |
| 'n Tyd Om Weg Te Gaan | 38 |
| Op Die Plaas | 63 |
| Openbaring 3:18 | 6 |
| Pampoentuin | 78 |
| Paulus | 13 |
| Ruimtereise | 50 |
| Saulus, Die Hooggeleerde Fariseër | 13 |
| Seun Van Die Mens | 51 |
| "Show Me The Stairway" | 42 |
| Sondagmôre 1 November 1981 | 32 |
| Tagtig Jaar | 79 |
| Tugtig My Heer | 57 |
| Vaarwel | 76 |
| Verlang | 65 |
| Verworpe Silwer | 58 |
| Victoria | 75 |
| Vir Ewig Swanger | 41 |
| Volgens Hoorsê | 18 |
| Wat Gaan Hy Met Hulle Doen? | 16 |
| Winterdag | 69 |
| Wonder Woorde!! | 45 |

# VOORAF

Sou dit moontlik wees om hierdie boekie vas te haak aan 'Koers van 'n Lewe?' Ek gaan tog probeer. By my in die 'gebêrede belegging' woon my kleinseun. Ben se seuntjie wat twintig maande oud was toe Ben dood is. Vir my is dit 'n 'toegif', iets spesiaal wat ek met dank uit my geliefde Meester se voorsienigheid ontvang. Dit is nou Januarie 2006. Christoffel het op 6 Januarie 2003 hier ingetrek, afgestudeer met 'n B.Com Rekeningkunde Honneurs en 'n klerkskap by ouditeure in Johannesburg.

Hy wóu hier bly, dit was sý keuse. Ek is verby drie-en-tagtig jaar en hy net verby vyf-en-twintig. Aan my doen en late en bewegings is al die remtekens van die ouderdom. Hy is soos 'n blits in sý bewegings. Sal ons klaarkom? Sal ons aanpas? Mekaar ruimte en vryheid gee en gun? Al hierdie oorwegings was in my gedagtes. Hy is vir my 'n jong Ben wat my oudag kom versier. Drie jaar is verby en dit is heerlik, maklik en suksesvol.

Die 'gebêrede belegging' se naam is Lagai-Roï. Die put waar die engel vir Hagar die water gewys het, se naam. Ook die put waar Isak en Rebekka gaan woon het. Genesis 16:14 en 25:11. Hierdie naam, wat vry vertaal uit ou Hebreeus beteken: "Ek sien op Hom wie my sien", staan op die wit muur langs my hek. Die naam het ek van die Here gekry twee nagte nadat ek die koopbrief van hierdie huis geteken het op 14 Oktober 1982. Hier is ook 'n 'put', 'n sterk boorgat, toegerus vir my rose, bome en groente.

Terwyl Ben studeer het was ek finansieel op 'n laagtepunt en in groot nood. Hy moes met die minimum deurkom en hy het. Altyd dierbaar, simpatiek, hulpvaardig en vir my 'n groot ondersteuning. Vandag gaan dit met my goed en wat ek vir Christoffel kan doen, doen ek ter wille van Ben en met diep dankbaarheid aan my Meester wie my uit baie en bange node gered het en my voorspoedig gemaak het.

# OPENBARING 3:18

Ek raai jou aan,
Ek gee jou raad:
Kom koop van My
dié goue draad
wat uit die vuur
jou aan My bind
diep gelouter
glans verryk
Bruidsgewaad
wit skitterblink
gesalfde oë
wat ver kan kyk
Enkelvisie –
tot in Ewigheid.

*Hooglied 3.6 "Wie is dit wat daar opkom uit die woestyn omgeurd van wierook en allerhande speserye van die Koopman"*

# HOOR MY BEMINDE

*1 Korinthiers 2.12–16*

Hoe skoon die skepping ookal is,
volmaaktheid sal ek hier nie vind.
Die spieël se glas
is diep gebars,
die beeld verwronge
en siende oë blind.

Totdat my geestelik' oog
die bergtop vind
en Hom daar sien
wat lok en wink
en aan my sê:
"Kom op my kind en kyk
vanwaar Ek staan
op Mirreberg en Wierookheuwel,
van hier sal alles vir jou anders lyk".

*Hooglied 4.6 "Totdat die aandwind waai en skaduwees vlug sal ek gaan na die mirreberg en wierook heuwel"*

# 'n KIND IS GEBORE

Die jong vrou bring haar Baba
Vol vreugde en trots na die Tempel
Hierdie mooi Kind wil sy wys
en laat seën deur die Priester
in God se huis
Daar is ook 'n ander profeet
Vroom en vol van die Heilige Gees.

Hierdie een neem die Kind
uit die jong moeder se arms
miskien was Maria verbaas
maar vind in die vreemde lofuiting
'n bonatuurlike blydskap: in hierdie Kind
sien ek 'n lig en nasies wat voor Hom kniel...
'n heil en redding!
'n Opstanding en 'n val...
en vir jou jong moeder –
'n swaard deur jou siel.

Wat sou Maria kon dink?
Daar staan geskrywe – hulle kon nie verstaan.
Die vreemde woorde bêre sy diep in haar hart.
My Baba so onskuldig en klein...
'n vreugde, 'n lig,
maar vorentoe 'n pyn?
Sy onthou van die wagters,
die boodskappers van ver...
die engele, die stal en die ster.
In haar hande die goud, die wierook en mirre.
Hulle noem Hom 'n Koning...
hulle buig in aanbidding!

# DIE MENS

God is soos 'n kunstenaar
wat sal veg en oorlog voer
selfs voor gereg en aardse regspraak
om Sy kunswerk te behou.

Moet Hy met hamer uit die hemel
alles plat slaan en verkrummel?
Moet Hy buig voor vlees en hel?
Sy eie lewe het Hy nié gespaar
om die puin hier op te klaar.

Is daar iets wat jy kan dink?
Is daar iets wat jy kan offer?
Is daar iets wat jy die Raadsman
met 'n woord of daad kan bystaan?
Wie kan vir Hom raad gee?
Wie kan vir Hom leer?
Hy – die hoogste Regter
wat die wêreld gaan regeer.

Ek wat in 'n kleihuis woon
staan maar bakhand
vir my loon.

*Job 4:19*

# DIE KEUSE

Ek kuier in my Psalms
in my lyf voel ek die ritme van die verse
in my bloed vloei die musiek van die Bybeltyd
bo my kop roer die takke van die palms
in my tuin; in die koeltes van hul arms
deel ek die woorde van koning Dawid
met sy lier en sy liefde vir sy God.

Hier in my tuin sê ek net dankie
dankie, baie dankie!
Hier kan ek praat en juig en jubel
en in dieselfde taal as Dawid sing!
My hart is jonk en nuut gemaak
ek sit in vrede sonder vrese
en kyk met oë aangeraak
ek sien 'n ander wêreld
voorberei vir my en die wat heilig leef.

En hier moes een van wie ek niks kon weet
laat bou en plant en saai
en op 'n dag het God besluit
hierdie plek gee Ek aan haar.
en al die bome is ingesluit
want in dié tuin sal ons ontmoet
hier sal Ek haar hart vas aan my bind
in soet gemeenskap met my kind
want sy het My gekies.

*Rigters 4: Debora woon onder 'n palmboom –*
*'n moeder van Israel, 'n huisvrou en rigter.*
*Rigters 5:2 –31: Die lied van Debora. Antiek. 1200 jaar vc.*
*Nie gemoderniseer nie.*

# DIE ONMOONTLIKE WENS

Ag Here, as ek daar in die velde kon wees
toe die lig uit die hemel die herders verblind
waar die engel die boodskap kom bring
van 'n baba – 'n gawe – 'n hemelse kind
O, die vreugde!

Ag Here, ek wens dat ek daar by die tempel kon sit
en dié baba kon vashou
teen my hart aan kon druk
die heilige Kind –
my gedagtes vlieg terug deur die eeue
as ek dié kind in my arms kon hou...
O, die vreugde!

Maar dis nou ek wat rus vind aan Sy bors
Dis ek wat sug, o Meester voed my
gee my die lewenswater
Ek het dors...
O, die vreugde!

Nou wag ons op Hom
die heilige Kind gaan weer kom!
om Sy skepping weer oor en nuut te kom maak
as regter, heerser en koning!
O, die vreugde!

# BLY BY ONS

Hy voeg Hom by hul langs die pad
so in die loop begin Hy praat,
en vra hul uit oor die gebeure in die stad,
Traandowwe oë sien 'n vreemdeling;
wonderwoorde praat dié man.
Hy raak hul harte en bring vertroosting
Hy lê die Skrifte uit.
Hulle sê vir Hom – hulle kreet dit uit…
Jerusalem het sy profeet vermoor!
Hy was ons hoop – Hy kon wonders doen!
nog nooit was daar só een
wat by ons woon
'n mens soos ons?
en tog kon Hy ons sondes voor Sy God versoen,
maar nou's Hy dood…

En hier's ons huis;
asseblief kom in
en bly by ons…

En hier's ons tafel…
kom ons eet.
Die Vreemdeling; dié neem die brood
en lig Sy hoof en dank…
en skielik is hul oë oop!!

*Lukas 24:13 –35*

# PAULUS

Saulus, die hooggeleerde Fariseër
uitgesoekte gesant van die Kerk.
Gedetermineerd om hierdie ketters uit te roei.
In sy aktetas en in sy binnesak
dra hy die dokumente van gesag.
Die geselskap vat die pad,
aan die hoof, die Fariseër.
Maar die Nasaréner hou hul dop.
Uit Sy troonkamer in die hemel
bestuur Hy die gebeure.
Saul, jy het gesien hoe Stephanus sterf.
Jonk, opreg en vol van my Gees.
Nou lê Ek my hand op jóu en slaan jou neer,
en maak jou blind, totdat jy die Waarheid sien
en al die dae van jou lewe
sal wees om My te dien.
Saul sien 'n lig
en toe net duisternis
daar op die stofpad waar hy lê
hoor hy 'n stem wat sê:
Saul, waarom vervolg jy My?
Bang en bewend antwoord hy
Here, wie is U?
Ek is Jesus.

Sy reisgenote help hom op.
Sy oë staan verstar.
Hulle lei hom in Damaskus in
sonder kos en sonder water
wag hy op sy nuwe Meester.
Annanias kry die opdrag: Bid vir hom.
Lê hom die hande op.
O, Here. O, nee!
Hierdie man het soveel kwaad gedoen!
Maar Jesus herhaal Sy opdrag.
Bid jy vir hom.
Ek sal hom leer dat hy
voor nasies en voor konings sal staan
en ook sal ly vir My en vir my Naam.
My uitverkore dienskneg.
Sy werke sal bly staan
totdat Ek wéér kom!

# KOM SAAM MET MY

Ek hoor Sy stem – Hy sê:
Kom, kom volg my na –
Ek deins terug en vra
Waarheen, Meneer?
Die woestyn in – my geliefde!
Ek draai my weg en sê: O nee –
o nee, Meneer
Ek soek die klamgrond en die druif
die sagste, soetste perske, die olyf…
nie die woestyn nie
dis nie vir my nie.
Sy stem word sag – te sag…
ek meen Hy't weggegaan
Weer hoor ek die roep…
ek hoor 'n traan,
Kom – kom vat My hand
die woestyn is vol geheimenisse…
daar sien jy
die Rots geklief
'n soet fontein
die berg wat beef en brand
jy eet die manna, vars, elke dag uit God se hand
Ek bly by jou – maar jy moet leer
dat diep in die woestyn –
ver oor die warm sand
daar staan die tabernakel
God se huis – buitekant die laer.

# WAT GAAN HY MET HULLE DOEN?

Hulle neem Hom in die goewerneur se paleis
hulle vleg van skerp dorings 'n kroon
die soldate raas –
die skare skree en hoon!
Hulle ruk Sy klere af en slaan Hom met 'n riet
die owerpriesters, skrifgeleerdes – die hele Joodse raad
raas saam met dié wat spot en skel
O, was daar ooit vóór of ná Golgota
só 'n oordeel oor die mensdom gefel?

Vandag veg volke teen volke
mense maak mekaar dood
rasse en stamme moor mekaar uit
Geen aardse mag kan die verwoesting en wreedhede stuit
Almal het alles vergeet waar alles begin het
die Vredevors is vermoor – hoe kan daar vrede wees?
Vrede het die aarde verlaat
Al wat hier oorbly is die vrees,
die haat, die pes en die swaard.

Wat gaan gebeur as die Koning weer kom?
as die Regter – nooit weer as Offerlam –
waardig om die boek te neem en die seëls oop te breek
Kom Kyk! Kom Kyk!
die rooi perd vat die vrede weg
die swart perd breek die ekonomie
die geldmag verdwyn
rantsoene word afgeweeg
op die vaal perd sit die dood,
die honger, die pes en die pyn
maar op die wit perd sit die Koning
met goud op Sy hoof
Kom Kyk! Kom Kyk!
Sy kleed is donkerrooi –
in bloed gedoop
en die aasvoëls kom na die fees!

Die son word swart
die maan word bloed
die sterre val
waar kruip die slimmes weg?
die konings, die rykes, die aardse magtiges
die grotes, presidente en hoës
roep die berge... roep die rotse
Verberg ons...
Maak ons toe...!

*Openbaring* 6

# VOLGENS HOORSÊ

Ja, so het ek van U gehoor,
volgens hoorsê,
Sawens as die slaap my sag omvou
en moeder langs my lê
dan neurie sy 'n Naam...
dié soetste Naam...
hoe goed kan ek onthou.

Die jare het gekom,
gegaan...
Van U het sy gesing
'n dierbaar Heiland
sterk Verlosser;
wat in ons plek kon staan
as Lam geoffer.
O, soetste Naam,
soos in 'n spieël het U vir my
'n beeld verkry.

In stormwinde van beproewing,
In liefdevolle tugtiging
het U,
Uself aan my geopenbaar.
In die winkel van verdriet
waar U die Koopman is,
het ek die prys betaal
vir louter goud en olie
oor wonde uitgegiet.

My oog het U gesien...
Dis nié meer volgens hoorsê nie.
Antwoorder van gebed!
U is my God, U het
my voete op 'n rots geplant
my siel gered,
my gange vas gemaak
'n nuwe weg vir my gebaan
'n vreugdevolle, hemelse bestaan.

*"Volgens hoorsê het ek van U gehoor..maar nou het my oog U gesien. Ek weet dat U alles kan doen, en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie." Job 42:5*

# HULLE – DIE BLINDES

Ons was nie dáár nie!
Ons het niks gesien nie
Niks gehoor van die skare wat skree…
Kruisig Hom – Kruisig Hom!
Ons was nie daar nie
het niks gesien.

Niks gehoor van die skree, die spot –
die hamerslae
Via Dolorosa – bloed in die stof!
Die Koning se rug is oopgekloof
Kyk – Kyk sê Jesus
Ek maak jou oë oop…

Al die blindes het Ek genees
En jy, daar anderkant die eeue…
gee ek geestelike oë en jy sal siende wees!
en meer geseënd as hulle hier
wat alles kon aanskou
maar blind wou bly.

Ek weet O Heer! ek sien –
die skedelplek –
die bloed wat drup
die wonderwoorde van Hom daar vasgenael
die laaste Lam –
wat ooit sou sterf?
Die Bruidegom wat Sy bruid kom haal!

# DIE ANDER VOORWERP

Op 'n donker pad alleen
ontmoet ek Een.
Verwonderd bly ek in Sy ligkring staan.
My Naam is Jesus,
onthou jy nie...?
Soos 'n dooie het ek neergeval.
Melaats... melaats...!
aanskou my nie,
het ek geween, want ek,
U eens bekende het
melaats geword.
Dis nie meer ek nie, Meester
Al wat U sien is my ellende,
die wilde – als, die gif
verberg my voor U aangesig.
Ek is die vrou wat die roede
van U grimmigheid geken het.

Bo my geween hoor ek die soetste Naam,
en toe my hand na Hom uitgaan
om smekend om gena te pleit,
toe voel ek hoe Sy hand
my hand omsluit...
Oor die wat U My gegee het
Heilige Vader, het Ek gewaak.
Op kronkel –skroeiend pad het sy verdwaal
en byna weggeraak...
Maar in die uurglas was 'n tyd beperk
en op die boekrol was haar naam gemerk
want nie een van hulle wat U my gegee het,
sal verlore gaan.

My Naam is Jesus...
Hy tel my op en hou my vas,
en om my val Sy ligkring wyd
en ek word nuut en oorgemaak
deur Sy geregtigheid;

My hand...
toe ek na my hand afkyk,
toe was dit nat
en rooi...
en ek was rein.

*"En die voorwerp wat Hy besig was om te maak... het misluk... soos dit gaan met klei... maar Hy het daaruit weer 'n ander voorwerp gemaak... soos dit in die oë van die Pottebakker goed was." Jeremia 18:4 /Johannes 17:12 en 28*

# LAAT DAAR LIG WEES

Uit die eeue van vergetelheid
toe duisternis die hemelruim omring
het daar 'n God'lik Wese afgekyk
om onbekende planne uit chaos voort te bring.
Met grootse skeppingsdrang
roep Hy die lig
en skoonheid onbeskryflik
het alle duisternis vervang.

*Genesis*

Maar aan die sy van die Alwyse
werk ook die Medekunstenaar
en vol verlustiging het Hy aanskou
hoe die Alwyse, die mooiste
skoonste skepping bou.
Hy het die watervloede reggestel
en soet fonteine op laat wel
so het blydskap lig en lewe
God's skepping sag omvou.

*Spreuke*

Vanuit 'n ligpaleis so ver...
so ver in die verskiet
het hemelsang verrys, lofsange
wat net die Skepper prys
en oor die tralies van die hemelland
het engele ver geleun
om af te kyk en te aanskou
die skepping
van die Vader en die Seun.

*Genesis*

En toe het God die hele land
met blom en gras en boom beplant
en diere vir die veld gegee
en visse vir die see.
Die Kunstenaar en die Alwyse wens
'n wese daar te stel
om soet gemeenskap te geniet
en uit hul skeppingswens
maak Hul die mens.

*Genesis 2:7*

'n Weinig minder as 'n God'lik wese
met eie sin en wil.
Afskynsel van die Ewige
met eer en heerlikheid gevul

*Psalm 8:6*

om in gehoorsaamheid oor al die skone werke
te regeer, op Sy bevel.
En toe het God gerus,
maar in die awendwind...
wou God, die mens daar vind.

*Genesis 3:8*

'n Vreemde duisternis oorval die tuin
'n helse rook vanuit die put;
die Kunstenaar kom, en vind die puin
en sien hoe lig moes wyk
hoe sielenag gebore is.
Waar is die mens, my skeppingskroon
berou... berou vervul My hart.
Die mens wat Ek gemaak het,
dié mens is nou My smart.

*Genesis 6:6*

En deur die eeue heen
het daar 'n stryd gewoed.
In die hart van die alwyse God
was daar 'n toorngloed
'n onbetaalde skuldlas
'n mensdom wat sou boet.
Maar toe het God gespreek
en vir die Hemelkunstenaar het Hy
'n menslik liggaam voorberei;
want in die Boekrol was dit opgeskryf
'n Offerlam, 'n Slaaf, 'n Prins, 'n Priestergod,
wat in die stof moes leef en ly.

*Hebreërs 10:5,6,7*

Een donker nag in Bethlehem,
verrys vanuit 'n stal 'n babastem...
en oor die tralies van die Hemelland
het weer eens engele geleun
om af te luister en saam te sing
die lied wat aan die herders bring
die boodskap van die God'lik Lig.
Dié Lig wat daardie sielenag
vir ewig sal verdring.

*Lukas 2:7 –14*

En niks is daar in die gans heelal
wat hierdie Lig kan doof
Selfs ook die helse nag vanuit die put
moet wyk, voor die geloof
van Sy bemindes.
Want Hy, die Hemelkunstenaar,
het deur Sy eie dood die prys betaal,
en nou kan ons deur Sy geregtigheid
gemeenskap met die Vader hê,
en leef in alle ewigheid.

*Romeine*

# HIER IS EK

As die donker om jou toesak
en die lig verdwyn.
As jou nagte jou laat wakker lê
en die lewe in jou kwyn.
Dan sal jy roep en skreeu om hulp!
en die Here sál jou antwoord
dan sal jy hoor Hy sê: Hier is Ek
maar jy sal moet verander:
verwyder uit jou lewe die verdrukking
die uitsteek van jou vinger
die valse liefde en die moord.
Jou vyand moet jy liefhê
jou Redder spreek dié woord!
Al verloor jy selfs jou bo –kleed
God dink niks van aards –besit.
Hy offer jou Sy rykdom
wat soek jy meer as dit?
Hy gee aan jou die Pêrel
'n Siersteen vir jou kroon.
Laat vaar die aardse helle
verlang rykhalsend na jou loon
want dit het Hy belowe.

Wáármee bou jy in jou bank
met edelstene, silwer en goud
of met stoppels, hooi en hout?
Hy staan voor jou en raai jou aan
Hy gee jou raad om van Hom te koop
die goue draad
wat uit die vuur jou aan Hom bind.

Hy offer jou die bruidsgewaad
wit skitterblink,
waarsonder jy Hom nié sal sien.
Draai alles om
gooi alles weg.
Daar's net een waarde –
om Hom te dien!

*Jesaja 58; Openbaring 3:18*

# DIE HUBBLE

Toe die hubble deur die ruimtes
ver verskiet en in sy baan
die beelde moes terugflits,
toe sien die slimmes, die beelde taan.
Hulle maak hul somme en kom tot die konklusie
die spieël is skeef
en flits terug 'n vae illusie.

Is ons hier op die aarde vasgevang
soos in 'n grote tronk?
Is ons, in ons mensgemaakte slimmigheid
van wysheid dronk?
'n Aardse wysheid wat van God niks weet
want die hemelruim wat ons verken
het Hy gemaak
Hy lag ons uit!
want die heel slimste weet nie eers
waar dit begin het –
of waar's die end!!

Ons hele lewe is 'n skewe beeld.
Dit is net die weiniges wat weet
dat deur die Kruis die fokus regkom
en dat ons Spieël Sy beeld kan terugflits
om ons die pad te wys.
Dié Spieël is ons behoudenis.
In hierdie Spieël –
is ons totale erfenis.

# JOHN DONNE: 1572 – 1632

Verbrysel my hart, drie –enig –God
want tot nou toe het U net sag geroep
geklop, gefluister, ge –adem
en my die lig laat sien:
Breek my, gooi my om, brand my uit en
maak my nuut; dat ek U alleen kan dien.
Maar ek is soos 'n beleërde stad
belastingpligtig aan 'n vreemde mag
ek wíl U inlaat, maar ontbreek die krag.

Laat U Heilige Gees mét my –
en vír my stry –
want ek is swak en ontrou.
Tog bemin ek U en aanbid ek U
en soek na U liefde.

Maar ek is gebonde aan U vyand;
skei my, ontbind my – breek die kettings af.
oormeester, oorweldig en onderwerp my.
Ek wil oorwonne bly
en buig in Goddelik' slawerny –
en daar my vryheid vind en rein word
onbesoedeld, onbevlek en onvervals
dig aan U sy.

*Vry vertaal uit "Divine Poems" van John Donne XIV*

# DIE ANDER LEWE

Daar by die fees
mag jy nie weet of dink of voel nie
dis net ons hier
wat huil en tier
en dikwels sonde doen
wat vrae vra en smeek
en daar's nie antwoorde nie
hier – waar harte breek
of kliphard word.

# DIE GROOT STAD NINEVÉ

God gee 'n bevel:
gaan na Ninevé en roep daar uit
net veertig dae dan's julle in die hel!
Maar Jona besluit
en soek 'n ander land se skuit
hy betaal sy passaat
en vertrek op 'n vlug die vreemde in.
Maar God hou hom dop
en 'n wind steek op!
'n Suidewind woed oor die see
die matrose bid en begin van benoudheid skree!
en die vrag af te gooi –
hulle is bang; en onthou van die vreemdeling aan boord.
Die kaptein gaan af in die buik van die skip
daar kry hy Jona en roep – wat slaap jy so vas?
bid tot jou God – vandag is ons dood
ons vaar in groot nood
en jy's net 'n las!
maar sê my eers gou – wie is jy eintlik
wat is jou nering, waar kom jy vandaan?

Ons trek gou die stokkies –
en sien waar val die lot...
en Jona bely: ek is 'n profeet
en werk vir die ware God.
Hy's baie kwaad vir my – gooi my oorboord –
my God sal my vang,
Hy's baie barmhartig
Hy sal my vergewe al is ek hoe bang
(en so gee Jona sy eerste preek).
Hulle kry Jona jammer
en probeer voor die golwe uitroei
hulle is 'n ordentlike klomp.
Roep uit tot hul gode
en beklaag hulle lot
begin selfs te roep
na Jona se God – genade te vra
hy't gesê sy God is goed.
Toe gooi hulle hom oorboord.

Die see word stil
en 'n groot vis
wat God beskik
verskyn langs die skip –
om Jona op te pik.
Die matrose die staar
en dink, nou's dit klaar!
hierdie storie sal niemand ooit glo nie!
By die huis op die wal
sal almal sê ons is mal...
Dis 'n groot hap
maar Jona is in
die vis duik diep en Jona bid met seegras om sy kop.
Wonderbaarlik is hy nog heel
en God kan beveel:
Spoeg hom uit; hy't werk om te doen!

In die groot stad Ninevé loop Jona rond
en met 'n harde stem roep hy:
net veertig dae dan's julle verwoes
julle sonde is groot
julle is goed ryp vir die oes!
Van koning tot slaaf glo Jona se preek
hulle vas en hulle bid
en gee selfs die diere niks te drink of te eet
en God kry hul jammer – maar Jona word kwaad!
Hy sien God gaan Sy oordeel verander.

U het berou – dit het ek geweet –
maar nou's ek die ou
wat hel en verwoesting moes preek!
Daar teen die berg sal ek 'n plakkershut bou –
om goed te kan sien wat hier onder gebeur.
Sjoe! dis warm – die suidewind loei
en God beskik 'n boom –
om vinnig vir Jona te groei
sodat sy bui kan sak
en hy die groot stad goed kan aanskou,
maar in die môre kom daar 'n wurm
en terwyl die boom verlep, word dit warm
dit waai en dit skroei tot Jona se kop begin pyn.
Jona kerm
daar in sy skerm
hy sê vir God – dis beter as ek sterwe!!
Maar God antwoord hom:
Wil jy hê dat ek die boom moet spaar
eerder as die groot stad Ninevé daar?
My portfolio is mense –
daar's ander afdelings
wat na plante en bome omsien.

# SONDAGMÔRE 1 NOVEMBER 1981

Dis nié die dag wat breek nie,
dis net my hart.
Die rooi gloed by die venster
'n dag wat kruppel is van smart
dis nie die dag wat breek nie,
dis net my hart.

## BEN

Hierdie kind van my
het uitgetree uit tyd
en weggegaan.
Nou woon hy daar in ewigheid
en word nie oud of afgerem
Hy leef in lig
en hoor van naby – God se stem.
Maar hy word onbekend vir my
die newels van die jare
waai rusteloos soos sluiers
kleurlose, dowwe wolke –
Is dit vergeet –
of is dit pyn?

# DIE DOOD VAN 'n KIND

Wat kan 'n mens sê oor die dood van 'n kind
Waar kan 'n mens berusting vind?
In smartherinnering?
of in vernietiging.
Die baba aan my bors
die kleuter met sy wye lag.
My soet –kind
my middel –kind
sonder stry of baklei.
O! ek was so hard geslaan
Ek wou opklim en voor die troon gaan staan
en neerval en pleit;
O, God! O, nee!
spaar my hierdie vuur
dit brand!
Om my praat die mense
leë woorde.
Dis my kind
my mooi seun wat hul dra
die ses mans langs die lang bruin kis
Ag Here hulle dra hom wég van my…

# DONKERBLINK

Ek woon langsaan die oewer van 'n see
hul noem die see se naam Vergetelheid
sy waters is donkerblink en baie wyd.
Wanneer ek soet mymerend op die rotskus staan
lê wrakhout bo die dowwe waterlyn
dan wek die sien daarvan
in my 'n skerpe pyn
gou slinger ek die onthou in die see
en ook my smart herinnering...
dat dit kan wegsink
in die dieptes van vernietiging.
Maar daar is geen bedekking in dié see
en die wentelvloed haal uit wat weg was...
en voer dit my weer tegemoet.

Uit die dieptes kom die wrakhout op uit hierdie see...
so diep en wyd en donkerblink
al is sy naam ook so –
daar is geen waters van vergetelheid.

*[Nederig met dank geleen uit Totius se "Skemering"]*

# KONTAK VERLOOR

En wie is dié?
O, dit is Ben
Die man hier langs my mooi klavier
bekyk my fototjies en vra
oor almal daar; en ek vertel hom,
en hy sê, maar waar is hy
sal ek hom Sondag saam
met al die ander hier
ook kan ontmoet?
Nee, jy sal nie kan nie
want hy het weggegaan.
My nuwe vriend
kyk my met deernis aan
en vra maar weer
gedagtig aan die emigrasie –golf
maar in watter land woon hy dan nou?

Ek lig my oë op
en kyk hom aan en sê:
Ben woon baie ver –
ver anderkant die verste ster –
maar naby God.
Dáár sal jy hom verseker
ééndag kan ontmoet.

# DIE LEË PLEK

Daar bly 'n leë plek
in my hart
in my gesin;
op elke portret, by elke Kersmaal
by elke verjaardag
dié leë plek.
Ons praat oor hom
vir selfbehoud,
dan weer liewer nie.

Die lewe wag nie
vee weg die traan
probeer weer lag
en gaan maar aan.
Soos golwe spoel die lewe
word vol met die gety
wat weg is
kan jy nie weer kry.

Op die portret staan ander in die ry
gesigte wat hy nie van weet.
Dan vra die een
en wie was Ben?
en 'n ander sê:
hy was voor jou tyd,
maar ons het hom geken.

# 'n TYD OM WEG TE GAAN

Nou die nag het ek gedroom
ek staan weer langs 'n graf
net onderkant die lang rant
langs die kameeldoringboom
ek sien die blomme om die kant
en hoor die stemme van die plaasvolk
'n klaaglied wat op rys en rank –
op en op in vierstemmige lament
'n lied vir die wat sterf
'n troos vir die wat bly.

'n Klaaglied spesiaal vir my
want dis ek wat die diepste seer moet ly –
Mamma, ek wou nog soveel praat en kuier
gesels en vrae vra en van jou leer.
Jy was nie oud nie – hoe kan dit wees?
dat jy hier diep weggebêre lê
in 'n klein gemesselde kelder
vol blomme onder nuwe sinkplate
maar ver bo die lang rant sweef jy weg –
weg na jou Heer.

Deur my kamervenster kwyn die nag
ek lê net stil en reis in my gedagtes
terug na die plaas en daardie dag
toe ons net langs jou graf, nog een moes lê
want pappa het jou gou gevolg
en op die rou rooi grond
lê my rein wit lelies
en verberg die wond.
Die plaas is leeg
leef nog net in ons gedagtes.
Die plaasvolk sing
die motors wag
ons groet...
ons groet die plaas
ons groet die graf
ons groet 'n hele tydvak van ons lewes weg.

## DIE DOOD VAN 'n LEWENSMAAT

Omdat jy moes gaan
en ek moes bly
kruip die skadus van die nag
en vou doodskil om my
ek moet veg en bid en ly
en jy is weg!

Hoe lyk dit daar waar jy nou bly?
Dink jy ooit aan ons hoekhuis
en die kinders en die opbreek
en die alleen begin – elders?
Dink jy ooit aan die dubbellas
die kruis –
die skewe juk
wat een punt in die modder gly?

# EGSKEIDING

Wee my, ek het geword soos 'n land wat afgeoes is.
Moet jou nie oor my verlekker nie, my vyandin,
ek sal weer opstaan,
al sit ek in die donker, ek sit onder Sy hand.

Hy sal weer lig bring
ek sal weer sing
want die riet wat buig sal Hy nie breek nie
en die lamppit wat rook sal Hy nie blus nie.

Moenie vir my vra: waar is jou God?
Dit is Hy alleen wat alles kan sien
van twee kante af bepaal Hy my lot
en tel my weer op
en stof my skoon af
om Hom te dien.

# VIR EWIG SWANGER

My kind is siek en my hart wil breek
sy's nie regtig meer 'n kind nie
maar nog mý kind
ek is oud en sy's verby die middeljare
maar ek dra haar nog in my smeekgebede
swaar op my hart –
met pyn in my hele lyf.
swaar swanger –
vir ewig swanger.

Here, wat sal ek bring as offer
wat sal ek na U toe bring?
Wat sal ek saamvat
as ek voor die hoë God gaan kniel?
Moet ek my eersgeborene offer
sy wat uit my liggaam kom –
vir my gebreke
dink daaroor my God
dat ek net vlees is –
broos gekneusde siel.

# "SHOW ME THE STAIRWAY"

Toetsvrae. Hoe kom ek verby Mattheus 5? Hoe vermy ek die val, die druip, die kan nie bykom nie? Daardie lyntjie van die ander wang draai? Die een van die bokleed ook gee as hy reeds oor jou onderkleed jou voor die gereg sleep? Die ou wat gedurig wil leen? Weeg jou liefde vir jou vyand. Nie net vir jou vriend nie, waar jy reeds faal! Seën die wat jou vloek, bid vir jou hater en dan die heel onmoontlikste: wees dan volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is.

C.S. Lewis sê. Jesus mag dit dalk ernstig bedoel het toe Hy gesê het: gaan in jou binnekamer en maak die deur toe. Ek weet Hy het dit ernstig bedoel. Die toe deur is 'n belangrike faktor in 'n toegewyde lewe. Die toe deur is moontlik, is noodsaaklik, is 'n heerlikheid. Mens raak verslaaf aan die toe deur want agter daardie deur wag 'n heilige ontmoeting waar jy inskakel in jou kragbron. Die toe deur staan in Mattheus 6. Ek reken dat Mattheus 5 dalk gedoen kan word as mens eers Mattheus 6 baie geoefen en beoefen het. Die ou lied sê: "Show me the stairway that I have to climb". Hier in Mattheus 5 en 6 is die "stairway". Dan is daar nog 'n slagyster: 'n Bekende prediker het eenmaal gesê: daar is 'n boekhouer in die hemel. Hy skrywe op. Ek het al 'n studie gemaak van die boeke in die organisasie van die koninkryk van die hemel. 'n Mens voel so lekker as jy jou tiende aan die Here se werk gee of 'n spesiale offerhande, bykomstig, vir wese of armes of boufonds of sendingwerk. Maar nou sê Mattheus 5:23 wanneer jy hierdie gawe bring en dit jou byval. Ag partymaal het jy al die geldjie gereed, op die tjek uitgeskryf en dan val dit jou by van die slegte gevoelens teen die ou by die werk; van die koue skouer gedraai na jou man of jou vrou; van die ou grief teen 'n buurman of 'n vorige vriend. Nou moet jy jou geldjie laat oorstaan en gaan regmaak want die Boekhouer teken net jou gawe aan as jou gewete rein is en jy gee uit 'n skoon hart en 'n blymoedige gees. Ai, 'n eienaardige Boekhouer met X –straal oë.

*Vers 20. Jesus se eie woorde: "Ek sê vir julle; as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die Fariseërs en skrifgeleerdes... sal julle nie ingaan nie.*

# DIE ALFA EN DIE OMEGA

*Romeine 11:11*

Het Israel se struikeling hulle finale val beteken?
Beslis nie! Maar deur hulle val het die redding na die heidennasies gekom. Die wilde olyftakke is op die stam ingeënt. Onthou!! (v17) Dit is nie jy wat die wortel dra nie. Jy, die wilde tak lewe uit die wortel, uit die vettigheid van die stam.

Die mak olyftakke is uitgekap omdat hulle nié geglo het nie. Maar jy, die wilde olyf is geënt omdat jy geglo het. Onthou – moenie hoogmoedig wees nie. Hou rekening met God. Want as Hy die natuurlike takke nie ontsien het nie – sal Hy jou dalk ook nie ontsien as jy in die geloof verflou nie.

Let op die goedheid! Let op die genade van God – maar let ook op die strengheid en die almag van God. Hy kan uitkap en inent soos Hy wil.

Ons staan hier voor 'n geheimenis – 'n misterie – 'n verborgenheid wat tóg gedeeltelik openbaar is!

Soos deur 'n skrefie sien ons al iets van die toekoms. In die jaar 2003 sien ons al iets van wat die profeet Sagaria reeds gesien het in die jaar 520 vóór die geboorte van Christus. Wat het Sagaria gesien? Hy sien dat God van Jerusalem 'n bak wyn sal maak wat die volke laat slinger. Hy sien dat God oor Jerusalem sal uitgiet 'n gees van geween en hulle sal opsien na My wie hulle deurboor het. Hulle sal rouklaag en treur soos oor 'n enigste seun. Rouklaag oor die Een wie hulle verkoop het vir 30 silwerstukke; die kosbare loon wat húlle gemeen het Ek werd is.

*Sagaria 11:13*

Sien ons in die koerante en op TV dalk al iets van die pyn van die herinenting van die mak takke? Sagaria sê: die krag van die inwoners van Jerusalem lê in hulle God! Ons, die wilde takke leef onder die wye tent wat Christendom heet en uit die sappigheid van die olyfstam en uit die wonder van die opstanding en die leë graf.

Ons leef in die wederkoms verwagting. Maar weet ons dat dit ook die tyd van die herinenting van die ware olyftakke sal wees? As ons versigtig en toegewyd lewe sal ons ons Bruidegom sien en die mak takke sal hulle Messias herken.

En die Twee is Een.

# DIE ENGEL IN DIE STORM

Daar het in hierdie nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort. Hoe jaloers word ek! Hoe bevoorreg is Paulus. Maar o, die swaarkry en lyding van Paulus se lewe is ver bo wat ek ooit sou kon verduur. Daarom die bonatuurlike voorreg. 'n Hemelse boodskapper met 'n boodskap van hoop.

Die detail in die beskrywing van die storm wat die skipbreuk veroorsaak het, is die beste beskrywing van 'n storm in die hele Bybel. Die stormwind het 'n naam, Euroklidon. Net by Kreta verby slaan die stormwind uit die Suide toe. Die skip word meegesleur en dryf koersloos weg. Desperaat moet matrose in die woeste see die skip omgord dat hy nie uitmekaar geruk word nie. Die gevaar is ook vererger deur 'n bekende sandbank in die omgewing en hulle moet die skip ligter maak. Dit is 'n graan vragskip op 'n gereelde vaart elke seisoen ná die koringoes in Egipte. Rome is afhanklik van ingevoerde koring. Al die meubelment word oorboord gegooi. Toe ook die vrag.

Op die veertiende nag van donker wolke en stormsee waar hulle nie son, maan of sterre kon sien nie en dus nie kon navigeer nie, dryf hulle rond en eet nie. In hierdie wanhoopsnag kry Paulus, die gevangene, 'n hemelse besoek! Geen storm kan 'n engel keer nie. Paulus staan tussen die bemanning en praat soos 'n profeet. Hou moed, daar sal geen lewensverlies wees nie. Die engel het gesê: Paulus, God skenk aan jou almal wat met jou vaar.

Elke dag bid ek vir my kinders, skoonkinders en kleinkinders en verder af almal in my bloedlyn en ek vra: Here skenk aan my almal wat saam met my vaar deur hierdie rowwe wêreld met sy storms van misdaad en moorde en sonde. Laat daar geen siele –verlies wees as ons daar aankom aan die hemelse strand.

# WONDER WOORDE!!

Here, hoe kan ons die weg ken? U sê U gaan weg! Na 'n plek waar baie huise is en ons kan nie saamgaan nie. Dis Thomas se desperate woorde. Hier sê sy Meester dat Hy weggaan. Hy was oor die Jordaan in die omgewing waar Johannes eers gedoop het. Hy het uit die Jode se hande ontkom – het eintlik ontvlug, maar Sy dissipels was saam. Toe kom die boodskap van Sy vriend Lasarus se siekte, maar nog talm Hy daar anderkant die Jordaan.

Dae later sê Hy: Kom ons gaan weer na Judea. Sy dissipels sê: Rabbi, die Jode wou U stenig en nou wil U weer soontoe. Ek gaan om Lasarus wakker te maak. Hulle verstaan nie.

Thomas, wat ook Didimus genoem word, sê moedeloos vir die ander dissipels: Laat ons saamgaan om maar saam met Hom te sterwe. Dis liefde! Dis lojaliteit! Thomas die een wat stadig glo. Die een wat sekerheid wou hê omdat dit in sy aard was. Tog sien hy nie kans om in veiligheid anderkant die Jordaan te bly terwyl sy Meester in 'n wesenlike gevaar inloop nie. Nie vir hom die bekommernis nie – die onsekerheid nie. Nee, liewer die gevaar in, al sterwe hy ook.

Toe aanskou hulle 'n triomf! 'n Groot wonder! En baie van die Jode het ook gesien wat Jesus doen – en geglo.

Martha se verwyt: Here as U hier was sou ons broer nie gesterwe het nie. Jesus se antwoord: Jou broer sal opstaan. Martha kap terug: "Ek weet hy sal opstaan in die opstanding. En Jesus kyk stip na haar en uiter die wonder woorde, woorde wat ego en weerklink oor tweeduisend jare: **Ek is die opstanding en die lewe**, wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe.

*Johannes 11.25*

Voor Martha staan die Opstanding en die Lewe. En Martha sê: U is die Christus, die Seun van God.

Hulle kuier by Martha en Maria. 'n Groot menigte feesgangers begelei Jesus Jerusalem in. Hy beweeg openlik in die Tempel. Die gerugte oor Hom vlieg rond. Die groepie Grieke kry 'n geleentheid om Hom te sien. Sy siel is ontsteld want Hy weet die tyd – Sy tyd loop uit. Die hemele se aandag is op Jerusalem. Sy Vader se stem kom soos 'n donderslag vir die skare. Ander sê 'n engel het gepraat. Jesus het oor die koringkorrel met die Grieke gepraat. Hy praat oor die oordeel wat oor die owerste van die wêreld sal kom. Hy praat oor die kruis wat mense na Hom toe sal trek. Baie en wonderlike woorde praat Jesus en baie glo in Hom. Selfs van die owerstes – maar hulle vrees die Fariseërs en klou vas aan die eer van mense.

Jesus eet die Pasga saam met Sy dissipels nadat Hy hulle voete gewas het en baie intieme woorde met hulle gepraat het wat hulle eers baie later – ná Sy opstanding en hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees verstaan het.

Petrus sê vir Hom: Here waar gaan U heen? Al die ander luister met hartseer. Dis duidelik Hy gaan weer weg. Dis duidelik hulle gaan hierdie keer nie saam nie. Hulle is verward oor Sy baie leringe. Hulle is hartseer en verstaan nie! Kalm sê Hy: Moenie ontsteld word nie – glo in God, glo ook in My. Waar Ek heengaan, gaan ek vir julle plek berei en julle sal dan na My toe kom want Ek kom weer!

Thomas kan dit nie meer aanhoor nie. Desperaat sê hy: Here, ons weet nie waar U gaan nie – en hoe kan ons die weg ken? En toe sê Jesus hierdie wonder woorde: **Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe!**

*Johannes 14.6*

As ons Hom ken, dan het ons alles. Dan ken ons die pad. Dan is die Waarheid in ons én die Ewige lewe.

# MAAK BAIE GATE!

Daar kom oorlog! Die koning monster sy leër want sy vyandige buurman bedreig hom. Maar hy het 'n ander buurstaat wie se koning baie hoog geag word en hy vra daar hulp. Hy kry 'n baie vriendelike antwoord. Saam is dit 'n reuse leër. Die pad is lank. Baie te perd, ander te voet. 'n Groot trop vee vir slag en waens met ander voorraad. Ná sewe dae se trek raak die water op. Nóg soldate, nóg perde of vee het water en dit is 'n erger nood as die oorlog. Die een koning word vreesbevange en sy uitspraak: Hier gaan ons omkom. Hier gaan ons in die vyand se hand val.

Die ander koning bly kalm. Is hier dalk 'n Godsman onder die baie groot leermag wat ons kan raadgee? 'n Bediende van die bang koning kom skugter nader en sê: Elisa is hier. En Josafat sê: Ek ken hom, die woord van God is by hom. Elisa word gehaal. Skokkend reageer die man van God! Hy is in 'n baie slegte bui. Vlieg sommer in die bang koning in met kwaai woorde: Wat het ek met jou te doen? Soek die profete van jou pa en ma. Ek weet uit watse goddelose huis jy kom. Jou ouers het valse profete na hulle eie wil aangestel en die profete van die ware God vermoor!

En Elisa sweer!! Sowaar as die Here leef voor wie se aangesig ek staan, as Josafat nie hier was nie, sou ek van jóu geen notisie geneem het nie.

Sjoe!! Elisa was 'n kwaai profeet! Maar nogtans 'n profeet. Hy besef hy moet kalm word. Lyk my hy was lief vir musiek. Bring vir my 'n musikant, vra hy. 'n Siterspeler. Miskien kon die musikant ook sing want die Engelse Bybel sê 'n 'minstrel'. Die siterspeler se hand streel oor die snare. Die leërskare word stil, mens kan 'n speld hoor val. Die twee konings sit op hulle perde en hulle oë is vasgenael op die musikant en die profeet. Die profeet steek sy hand uit na die hemel en sluit sy oë. Wat 'n toneel! Die dorre dal waardeur die trekpad loop. Duisende soldate, 'n groot trop vee. Almal moeg, dors en wagtend! Die yl siternote op die dor lug. En dan sê die Bybel: Die hand van God kom oor die profeet, en 'n eienaardige bevel kom uit sy mond : Grawe! Grawe die dal vol gate. Geen reën – geen wind sal julle sien nie, maar elke gat sal vol water word!

'n Geloofstoets! Grawe min gate en die water sal min wees. Grawe duisende gate en die water sal duisende fonteine wees. Vir almal – soldate, bediendes, perde en slagvee. Oorvloedig water!

Maar Elisa se stem gaan voort. God sê: hierdie groot wonderwerk is in Sy oë gering. (Die engelse Bybel sê: "this is a simple matter".) Hy sal meer gee! Hy gee ook die vyand in julle hand! Julle gaan die oorlog wen!!

Tussen 600 en 700 jare later skrywe Paulus 'n brief aan die nuwe klompie Christene in Efese en sê: Aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink volgens die krag wat in ons werk. Laat ek bylas uit my ondervinding: volgens hoeveel gate ek grawe.

Pragtig is die geskiedenisse opgeteken in die ou Testament. Hoe baie diep geloofslesse moet ons daaruit leer!! Die allerbeste leesstof in die hele wêreld.

*Efesiërs 3:20; II Konings 3.*

# DIE VROU

Sy maak haar lyfie skraal daar in die deur
haar oë soek deur die vertrek –
hier binne moet Hy wees!
Sy sien Hom en sluip na binne
al langs die skadus van die mure tot by Sy voete.
Regoor Hom leun die Fariseër
sy oë stip op die Profeet.
Sy dra haar flessie salf
haar trane drup op die stowwerige voete
as sy daaroor buk, val haar hare los.
Toe eers merk die gasheer haar en dink –
dit is 'n goeie toets. Hy moet mos weet
dis sondige hande wat aan hom raak
Hy is mos die Profeet.
Sag kom Sy stem wat sê: Simon, Ek het iets om jou te sê:
Jy het nié water vir my voete gegee nie
jy het nie vir my die groet –soen aangebied
en by jou was geen salf vir my hoof.
Met haar trane was sy die stowwe weg
haar hare is 'n doek in haar hand
en haar soene is die liefde van haar hart
in oorvloed op my voete uitgestort.
Vir haar het Ek baie vergewe…
maar jy het min van my nodig.
Haar salf was haar rykdom – en sy't alles gegee!
Nou is Ek haar rykdom en sy gaan van my erf.

# RUIMTEREISE

Die kinders speel hier in die tuine
Die Grote Vader sê:
julle is nie toegelaat
maar speel maar op die stoep
miskien selfs bietjie in die straat.
Maar nie te vêr nie hoor!
Kyk en loer maar na die groot heelal
en onthou maar altyd
julle is vasgevang in tyd
Al daardie wondere wat julle só beloer
dit is die ewigheid.

Daar sal julle nooit kan kom nie,
die deur wat julle soek is die dood
dis al manier – hy sal die siel bevry...
dan sal die gees die verskiet inry
en wat jy nou noem: die wolkies van Maggelaan
is dalk die hemel – dalk die hel.
Vêr anderkant van wat jy nou kan sien
is daar 'n oneindigheid van skeppings.
Nie die slimste van die slimmes
sal ooit hier op dié planeet
kan meet of weet
van waar dit als begin het;
of waar dit alles heengaan!

Die kinders kan maar speel
maar regtig wegkom – nooit
die tuigies vlieg al verder
maar kom maar altyd terug.
En wys vir ons die prentjies
van miljoene liggies in die lug.

# SEUN VAN DIE MENS

Nasarener, Nasarener
Voetganger van Galilea!
geseënd was die dorpe
waar U spore deur lê
geseënd was die skare
wat U wonderbrood eet
U woorde van lewe kon hoor
U helende hande kon voel.

Genesaret, see wat Sy boodskap kon ego
heilige voete op jou golwe
gebiedende stem op jou storms en winde
jou visse kon nette toe stuur
Op jou strande lê spore
wat nêrens in ander seë se sande lê
Hemelse Koning se merke!

Kapernaum, Betsaida en Górasin
Weë! O weë! O weë!
Gesmaad het julle die Koning
die Leidsman tot die lewe verag
die heilige Boodskapper met
genesing in Sy hande
O weë, O weë, O weë!

Golgotha – hoofskedelplek
enig op hierdie planeet
op jou sterf die Middelaar
wat die prys kom betaal
om die wêreld te red!
Op jou skurwe kop val die lot oor Sy kleed
O Golgotha, plek van bloed, van smart en leed
Staan jy nou nog daar
langs die pad, net buite Jerusalem?

Hoofskedelrand
nêrens in die wêreld het hierdie bloed gedrup
nêrens nog so 'n verhaal –
Golgotha, o, Golgotha
Staan jy nog daar?

Berg van Olywe
O berg van gebed
berg van bloedsweet
en berg van afskeid...!
Van jou kruin het die Prins weggegaan
tot weersiens – tot weersiens
geliefdes – Ek kom julle haal
gaan vertel al die nasies
die skuld is betaal!
Ek sal terugkom –
gaan vertel hierdie wonderverhaal.

# DIE VETTIGHEID VAN DIE OLYFBOOM

*Romeine 11*

Wat is die vettigheid van die Olyfboom? Geregtigheid deur die geloof. Vrymaking deur die bloed. Ewige lewe deur die opstanding van Jesus. Heiligmaking deur Sy Gees. Die wederkomsverwagting wat ons reinig. Geestelike oë om die geheimenisse van God te sien en te verstaan.

Ons wat wilde olyftakke was, maar nou ingeënt is en leef uit die genade in die rykdom van die Olyfboom. Wat 'n pragtige gelykenis gebruik Paulus hier.

Wat van die Jode dan? Vers 8 sê: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap. Hulle oë is verduister, hulle rug gekrom. Die mees vervolgde, verstrooide nasie in die wêreld. En tog 'n stokou beskawing, vas in hulle tradisies en gebruike wat oor die 4 000 jaar standhou.

Afgekamp in lande se agterbuurtes. Ontneem van beroepe en inkomstes. In Rusland was hulle die 'lugmense' genoem. Hulle het van lug gelewe sonder waarneembare verdienstes. Tog het uit dié krotbuurtes geen misdaad gekom nie. Geen geslagsiektes, geen buite –egtelike babas nie. Maar wel skooltjies deur moeders. Sinagoges deur rabbis en ook beurse vir skrander leerlinge. Baie jonk, nog kleuters, kry die seuntjies hulle gehekelde keppies op die kroontjies en word die Wet van Moses in die klein koppies ingevorm. Die basis van hulle lewens. Die Wet van Moses.

Die groot golwe immigrante uit Rusland na Amerika het ook in krotbuurtes in New York beland maar binne één geslag het daar dokters, prokureurs, fabriekbestuurders ens. gekom. Intrepreneurskap is die Jode se geheim. En natuurlik hulle streng tradisies. Stadigaan het hulle in beter voorstede voorgekom. Deuteronomium 4:6b Waarlik hierdie groot nasie is 'n verstandige volk.

# 'n ENGEL ONDER DIE PALMBOOM

Iemand vra eendag vir my: Het jy al 'n engel gesien? Nee, antwoord ek, maar ek glo vas, onverbiddelik, buite alle argumente, glo ek aan engele. Vertel, sê my vriendin, vertel, dat ek ook só kan glo, só seker kan wees. Goed, sê ek. Ek ken hulle uit die Bybel. Die Bybel is vol "fotos" van engele.

Kom ek begin by Hebreërs 1:14. Op dié foto sien ek 'n troonkamer en die Koning van alle Konings sit op die troon en voor Hom staan Sy bediendes. Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word, ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie? Sien, as jy 'n kind van God is, gered van jou wêreldse lewenswandel, dan word ook vir jóu 'n engel uitgestuur wanneer nodig. Onthou net, jy kan nie 'n engel roep nie; jy kan nié 'n engel stuur nie; jy kan nié met 'n engel kommunikeer nie. Maar jou lyn is altyd, altyd oop na Jesus ons Middelaar. Hy stuur uit, Hy beveel. Jesus is die Naam waarna jy roep in nood.

Goed, hoe lyk 'n engel? Kom ons soek bietjie in die foto –album. Hebreërs 1:7 sê: Hy (Jesus) wat van Sy boodskappers winde maak en van Sy dienaars vuurvlamme. So, 'n storm, 'n rukwind, 'n vuur, kan God se engele wees wat 'n diens verrig. Maar kom ons blaai verder. Maria, bevoorregde vrou, het vir Gabriël gesien in 'n hemelse vorm. Daniël het ook vir Gabriël gesien in die vorm van 'n man. In Jesus se leë graf was jong mans in wit klere, wat met Maria gepraat het soos mens tot mens: Mevrou, waarom huil jy? Net daarna sien sy die tuinier en dié ís toe Jesus self.

Josua 5:13. Josua sien 'n vreemdeling by hom staan. Hy vra ewe verleë: Is u van ons, of is u van die vyand? Josua moes geskrik het want die man is in uniform en het 'n swaard in sy hand. En wat sê die man? Nee, ek is nie van die vyand of van julle nie, ek is 'n leërowerste van die Here. Toe val Josua op die grond en buig voor Hom neer.

Josua 6:15. Toe sê die leërowerste van die Here vir Josua: Trek jou skoene uit want die plek waar jy staan is heilig. Ek is seker dat hierdie man Jesus self was. Sy leër was nie vir Josua sigbaar nie, maar wie het in werklikheid Jerigo se mure omgestoot? Die leërowerste sê nog iets vir Josua. In Josua 6:2 sê Hy: Ek gee Jerigo, met sy koning en dapper helde in jou hand. (Die Amplified sê: "... a Prince of the Lord.")

In Handelinge 27 lees ons van 'n storm op die Middellandse see. Paulus is op 'n skip op pad na Rome. Die skip is besig om te vergaan. Al die losgoed en graan is al afgegooi om die skip ligter te maak. Veertien dae, geen son of maan of sterre te sien, dus kan hulle nie navigeer nie. Hulle eet nie, twee honderd ses en sewentig siele. Honger, bang en seker van 'n waterdood. Maar geen storm of duisternis kan 'n engel keer nie. Hy kom deur en staan voor Paulus. Paulus sê vir die hele klomp banges: Vannag het 'n engel van dié God, aan wie ek behoort, voor my gestaan. Julle sal nie sterwe nie – net die skip sal vergaan. Die pragtige geskiedenis, die reddingstorie gee my hart nuwe moed maar dit sê nie hoe die engel gelyk het nie. 'n Kaptein van God? 'n Man in wit klere? Ek weet nie maar ek weet hy het kom red. Daar is nog baie fotos in die Boek.

Maar kom terug na my palmboom hier by my voordeur. Twee rowers, een met 'n gelaaide wapen. Ansophie probeer hulle raak ry of dood ry. Hulle spring uit die pad agter die palmboom in. My drie swart Labradors is nét daar waar hulle wil skuil. Hulle kry 'bevel' om te storm. Die kar is verby en uit by die hek. Die skoot wat vir die kar bedoel was word na die hond wat spring, afgevuur. Dis mis, en die rowers vlug met die drie honde op hulle hakke. 'n Drama in sekondes voor my oë afgespeel. Labradors is vriendelike honde, maar daardie dag was hulle baie onvriendelik en ek kan net dink dat hulle 'bevel' gekry het.

Blaai en lees deur die Bybel. Daar is wonderlike 'fotos' in.

# GENADE

Die Here sê:
Belowe ek nie goeie dinge
vir dié wat opreg sy lewe lei
Ek vra geen offers nie
net die opregte hart,
aan My gewy
Ek sal kom sê die Here
en weldade oor jou uitgiet
en in jou hart vir ewig
gee Ek my lied.

*Psalm 42:9(b)*

# TUGTIG MY HEER

Wat is die mens, as U nie aan hom raak
met U God'lik hand van tugtiging
sodat U hom kleed en salf en heilig maak
deur u proses van reiniging?
Maar doen dit Heer
met liefde –maat
sodat U my nie in toorn
te klein sal maak.

*Jeremia 10:24*

# VERWORPE SILWER

Vir elke mens is daar 'n uur
van loutering
en reiniging.
God's eie hand, die roer die vuur
en blaas die blaasbalk hard.
Die mens word stil
in tugtiging
en God kom soek
die afskeidsel.
Maar silwer vind Hy nie
slegs lood.

Daar was geen reiniging
net dood.
Vergeefs het Hy
geblaas, gesmelt.
By hierdie mens kan Hy niks vind,
net stoppels vir die wind.
Verworpe silwer...
vir God niks werd!

*Jeremia 6:29 –30*

# AS DIE FONDAMENTE OMGEGOOI WORD...!

*wat sal die regverdige doen? Psalm 11:3*

'n Wanhoopsuitroep! Hoe baie mense in ons land kan hierdie woorde uitroep. Ons voel te veel dinge verander. Verandering wek onsekerheid – onsekerheid bring vrees. Hier roep die psalmis na vastigheid, na sekerheid. In die eerste versie is vlug ook ter sprake. Na die berge – soos 'n voël. Die rede vir die vlug – vers 2 – die goddelose span die boog, die pyl lê op die snaar reggesit om in die donker te skiet. Hoe klink vers 2 in vandag se taal? Snags hoor mens skote klap en polisie sirenes loei. Laat ons vlug – Amerika toe, waar ons nie welkom is nie. Australië toe, waar ons nie wil wees nie. Help, ons fondamente word omgegooi – wat kan ons doen?

Dan kom die antwoord in vers 4. Die oplossing: die Here is in Sy heilige paleis. Sy oë sien! Vers 6: die Here toets die regverdige. Wie is hierdie regverdiges? Net die wat deur die bloed van Jesus regverdig is en volgens Sy wil lewe. God trek Sy lyn. Nie tussen wit en swart mense nie. Nie tussen politieke partye nie. Nie tussen ryk of arm nie, of tussen kerke nie. Net tussen regverdige en goddelose. Tussen die wat in Christus is en die wat nie in Christus is nie. Vers 5: die Here toets die regverdige, maar Sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet.

As die fondamente omgegooi word – vlug in Christus in. Dit is die heerlikste, sekerste en veiligste toevlug.

Terug na vers 1: by die Here skuil ek – hoe kan julle vir my sê: vlug! Hy sal jou dek met Sy vlerke en onder Sy vleuels sal jy skuil. Jy sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Psalm 91 : 11 – Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.

*Vlug in Christus in. Vlug in die Woord van God in. Daarin is ons beskerming en ons sekerheid, want Jesus is ons fondament en Hy kan nooit omgegooi word nie. 1 Korintiërs 3:11.*

# AG MY HEER, HOE SAL ONS MAAK?

*2 Konings 6:15 –17*

Elisa, die man van God, se bediende het vroeg opgestaan, seker om vuur te maak en iets vir sy heer voor te berei. Hy staan geskok! Die stad is omsingel deur die vyand wat juis soek na die man van God. Hieruit die woorde: Ag my heer, hoe sal ons maak!

Elisa het 'n afluister –apparaat gehad wat die koning van Aram telkens frustreer het. Nee, dit was nie 'n 'bug' in sy telefoon nie. Ook nie 'n opvangradio met 'n sterk antenna nie. Ook nie 'n spioenasie –netwerk nie. Dit was die Heilige Gees wat telkens vir Elisa presies die vyandige koning se bewegings openbaar het. So korrek was die inligting dat die koning van Aram sy eie krygsraadgewers verdink het. Maar toe lig hulle hom in oor Elisa, Israel se profeet, se buitengewone vermoëns.

Hy stuur 'n leerafdeling in die nag om die dorpie Dotan te omsingel. Dit was wat die dienaar gesien het. Maar daar was iets wat hy nie gesien het nie, wat Elisa wel gesien het. Elisa bid 'n skietgebed en sê: Here, open sy oë dat hy kan sien.

Die dienaar kon gesê het: maar ek sien mos – ek is nie blind nie. Maar hy was blind – geestelik blind.

Vandag is daar baie blindes wat nie met hulle geestelike oë kan sien nie. Hulle geloofsoë is blind. God antwoord Elisa se gebed en skielik sien die dienaar die hemelse weermag wat om Elisa is. 'n Kind van God het 'n verligte verstand en helder geloofsoë. Daar is 'n lied wat sê: Don't believe what your eyes can see, believe your Father's guarantee. Ons moet God se waarborg en beloftes glo. Jesus het gesê: Ek is met julle tot aan die voleinding van die aarde.

Ons moet bewus wees van die engele wat ons dophou en ons beskerm, want Hebreërs 1:14 sê: Want hulle is dienende geeste wat uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid beërwe. Dit is ons wat in Christus is en lewe om Hom te behaag. Ons God neem verantwoordelikheid vir ons.

# EKSKUUS MENEER, U SAL MY NIE GLO NIE !

*1 Sameul 1:26*

Die ou priester, Eli, sit op sy stoel langs die deurkosyn van die tempel van die Here in Silo. Hy dink aan die sonde van sy seuns en die verval van sy volk en is beswaard in sy gemoed. Sy oë is baie swak, byna blind.

Iemand praat met hom. 'n Vrou en 'n klein seuntjie staan voor hom en sê: Ekskuus meneer, u sal my nie glo nie, maar ek is die vrou wat hier in die tempel kom bid het. Lank terug meneer, onthou u nie. U het gedink dat ek dronk was. Daardie dag het ek vir u gesê ek is 'n vrou wat diep teneergedruk en beswaard in my gemoed is. Ek het God om 'n seun gebid en belowe dat ek die seun weer aan hom sal teruggee. As Hy my groot smaad en leed aansien en my 'n kind gee, sal die kind aan Hom behoort. Wel, Meneer, hier is my seuntjie. Ek staan hom aan die Here af. Ons het saam met ons offerande ons seun gebring.

Elkana slag 'n bul en hulle offer hulle dank aan God. Hanna moet afskeid neem van haar kosbaarste besit, maar sy doen dit nie met trane nie; sy doen dit met 'n loflied. Sy sing een van die pragtigste lofgesange in die Bybel. 1 Sameul 2. Ek jubel in die Here – ek is sterk in die Here – buiten U is daar nie een nie – daar is geen rots soos onse God nie – die Here maak arm en Hy maak ryk. Hy verneder en gee aansien en laat geringes opstaan uit die stof.

As mens die eerste paar hoofstukke van 1 Sameul weer lees dan is dit asof mens 'n ongelooflike toneelstuk aanskou. Na die offerdiens pak Elkana op om terug te gaan na Ramat in die Efraimsberge waar hulle woon.

Hanna stoot haar seuntjie na Eli en sê: Sy naam is Sameul, meneer. Ek laat hom in u sorg. 'n Ou klein seuntjie, die Bybel sê net gespeen, miskien drie of vier jaar oud. Ek wil graag glo hy was darem bietjie ouer. Sekerlik het hy gehuil. Sy ouers het hom na 'n vreemde plek toe geneem en hom daar laat staan. Vers 11 en 12 van hoofstuk 2 sê: onder Eli se toesig. Sy twee seuns was slegte mense, wat nie met die Here rekening gehou het nie.

Uit die eerste paar verse van hoofstuk 3 sien mens dat die klein Samuel slaap in die tempel waar die ark van God was en die lamp en die kandelaar, wat snags brand. Waarlik, 'n engel moes hom opgepas het, want 'n klein seuntjie slaap nie nag deur nie en word bang!

En daar, net voor dagbreek, voor die kandelaar gedoof word, praat God die eerste keer met Hanna se seun. Hy ken nie God se stem nie, maar hy leer.

Hiervan weet Hanna niks nie. Ver in die berge weef sy vir hom 'n manteltjie, 'n warm jassie vir haar tempel –kind. Sy verwag haar tweede, want , sê die Bybel, Hanna het nog twee dogters en drie seuns gehad. 1 Sameul 2:21. Hanna se kontrak was met God, nie met Eli nie. Hy het haar smaad van kinderloosheid heeltemal weggeneem. In Silo dra Sameul die priesterlike skouerkleed (2:18) en dien die Here onder die toesig van Eli, maar eintlik onder God se sorg.

Sameul word een van die groot profete van Israel en 'n rigter vir die volk. In Jeremia 15 sê die Here aan Jeremia: Al staan Moses en Sameul voor my om te pleit vir die volk. Kyk waartoe verhef God hierdie seun van Hanna. Langs Moses. Moses en Sameul, die groot pleitbesorgers vir die volk van God.

Laat ons uit hierdie pragtige geskiedenis 'n paar lesse leer:

1. Al beoordeel die mens ons verkeerd en verkleineer ons versoeke en gebede, laat ons volhard en deurdring tot God. Hanna sê dis oor haar groot smart en leed dat sy so lank bly praat het (1:16). Praat maar lank met God. Dit werp altyd vrugte af. Hy sien die trane raak, al beoordeel al die mense verkeerd, soos ou Eli.

2. Gee maar aan God. Hy gee altyd baie meer terug. Gee maar jou kosbaarste besit. Gee maar jou harts –kind. Gee met blydskap en jubel in die Here – en kyk wat gebeur!

3. Kyk na Hanna se geloof. Lank voor sy swanger was, was sy nie meer bedruk nie. Sy het gaan eet. Die ou vertaling sê haar gesig was anders. 'n Mens se gesig lyk altyd anders as mens in geloof op God wag.

## OP DIE PLAAS

Ons was selfonderhoudend.
Die winkels was ver
op ons solder en in ons spens
het die bottels in rye gestaan.
In die vat was die soutvleis
aan die hak het die biltonge en worse gehang.
Dit kon maar ys en dit kon maar ryp –
vir niks was ons bang.
Voor die kaggel kon ons kou
aan droë vrugte en biltong.
Heerlike gesonde happies
terwyl ons borduur aan ons lappies
en oupa sy spookstories vertel.

Vertel van die ou dae
van oorlog en armoede
gevare en harde werk
en swaarkry en moedhou.
Met groot oë luister die kinders
en leer die geskiedenis;
waar't oupa gewerk,
waar't oupa geld gekry?
Ons het tog gery
met waens swaar gelaai
en die roer altyd by.
Geskiet vir die pot
langs die paaie oorgeslaap –
oral was "uitspannings" waar die osse kon rus
en wei, en waar ons ook water kon kry.
Daar het die togryers saans om vure gekuier
veraf nuus gedeel, lang ure gepraat
en baie gekry om tuis te vertel.

Rustige lewes – tussen die gaan
en die kom, die geniet!
Sonder telefone
posdienste en selfone. Ha! Ha!
Ma moes maar wag
tot die kinders skree Pa! Pa!
Dan saans voor die kaggel
die Boeke gevat
en almal moes kniel
om dankie te sê vir die huis
vir bewarende Hand en pa veilig tuis.

# VERLANG

As almal slaap
dan sluip ek na die bankie by die boom
daar kan ek sit en ongehinderd droom.
Daar blêr 'n lam en steun 'n koei
en op die stoor se dak hoor ek 'n uil.
As die aandwind uit die ooste waai
kan ek dalk 'n motor hoor
wat by die drif die rem moet trap en draai
en al langs die draad sal opry…
en ek verbeel vir my
ek sien die skynsel van 'n lig
daar waar die plaaspad om die randjie swaai.
Ek wag – en hou my asem op
maar daar kom niks.

Die aandster loer
laag oor die bergtop in die weste
dit is 'n vreemde lig wat tog 'n skynsel gooi
en 'n glans wat op die bloekombome skyn
maar in my hart brand net 'n pyn
die pad bly leeg…
Van jou sal ek my losmaak
van jou sal ek vergeet
my hart sal ek laat toeskroei
soos 'n kelkie klein om net my trane in te meet.
Die maan sal netnou opkom –
ver in die veld hoor ek 'n jakkals huil
en more is 'n nuwe dag.

# DIE WILGER IN DIE SOMER
('n Liefdesverhouding)

Daar onder in my tuin
reg langs die hek
daar staan 'n wilgerboom
miskien alreeds so oud soos ek.
Maar is hy pragtig!
Vir my lyk hy soos iets vanuit 'n droom.
Want as die wind sy slingertakke roer
en ek, vanuit my sagte stoel
verlangend na hom staar
dan praat hy
'n fluistertaal met my
ek spits my oor en luister
en ek hoor hy sê: Ek weet jy hou van my...
ek weet jy liéf my soos 'n kind.

Hier, ver agter my venster
op my sagte, sagte stoel
hoor ek hy fluister...
en ek stuur my boodskap terug:
ek's mal oor jou.
Jy's groot en pragtig en grasieus
die mooiste van al my bome
maar moenie dít vir hulle sê nie.
Bly net by my – en moenie voor my doodgaan nie!
Bome, nes mense, leef nie vir altyd nie
maar as jy gaan – wil ek nie bly nie
bly by my...
en moenie, móénie voor my doodgaan nie.

# DIE WILGER IN DIE WINTER

Jy staan nóg daar reg langs my hek
maar ek is siek
en loer vir jou vanuit 'n bovertrek.
jy lyk so kaal – so uitgetrek
dit lyk so asof jy skaamteloos…
daar staan net in jou onderbroek
die boom daar langs jou in die hoek
staan vol gekleed en pronkerig
al kry hy koud!

Jy maak my skaam – ek word benoud
Sê nou ek lyk nes jy?
al is my nagrok suiwer sy
Ons is te kaal – ons altwee –
ek en jy

Die straatlig val dwarsdeur jou
ek kan die dakke sien van die gebou
agter jou deurskynende geraamte!!
Ag roep tog hard en bid die lente gou
dat ek weer uit die bovertrek kan loop
en jy jou somerbaadjie
met swier en vreugde
vas kan knoop!

# MEI ROSE IN JOHANNESBURG

Elke môre gaan ek haastig uit
om te gaan kyk – is hulle nog daar?
styf geryp
en vas geknyp
tussen herfs en winter...
die Mei –rose in my tuin.

In die nag, wanneer dit Meimaand word
dan slaap ek ligter
en onthou dat gister
die wind nog rustig bly lê het
soos 'n roofdier wat wag,
maar hierdie maand se suidewind
wanneer hy wakker word soos 'n kind
wat huil in die nag.

Dan kry ek die blare op die gras
en dis verby – wat 'n pienk roos was
is nou 'n kale kwas
van skoonheid ontbloot
van geur gestroop
'n struikie wat net op die snoeiskêr wag.

# WINTERDAG

Hoe heerlik om te weet dat
nou –nou gaan ek slaap
my bed is warm – my vere sag
vernuwing in my moeë lede in die nag
en môre as die dag breek
en tussen die gordyne skyn 'n ligstreep
vernuwe en verfris, kan ek net dankie sê
Met vreugde hef ek my loflied aan
vol hoop sien ek die nuwe dag
weldadig en genadig weer aan my geskenk
Die rose is gesnoei en klaar bespuit
nog 'n dankie vir my twee swart werkers
want met hulle sterk hande
en die planne in my kop
werk alles uit
Onontbeerlik is hul krag
vir my swakte van die ouderdom
gewillig help hul
gedenkend die lente wat weer kom
en sien al saam met my die skoonheid
as die rose in Oktober blom

# 'n ODE AAN MY ROSE

Julle ís my blom –
vandat ek myself vaagweg kan onthou
was daar 'n roos vir my...
'n dooie roos in my aandhandsakkie
'n geparsde roos tussen my briefies toegevou
'n uitgedroogte stokstywe knop
versigtig weggebêre in 'n aandskoentjie
dit was 'n afskeid en 'n skok –
hy het weggegaan om te studeer
en ek het op die plaas agtergebly
daar was 'n drukkie,
'n vashoutjie,
en 'n soentjie.
en nou onthou ek skaars sy naam –
maar in my laaitjie lê die uitgedroogde rosie
in my bleek verbleikte goue skoentjie.

# MY KLEINSEUN

Hy bly nou hier by my
en wys my elke dag
die skrille kontras
tussen jeug en ouderdom.
Die vloed van energie
die krag wat deur sy are bruis!
my moeë tred – 'n pyn hier in my knie
Wat 'n vreugde is my bed – my huis...
die stilte – die hulp van Willemien
soos 'n dogter – 'n troue slaaf...
immer gereed om my te dien.
Hy werk en hardloop
ry rond, skop balle, swem en duik
en rof die honde rond
net om te kyk, maak my stom en dom
maar ek is lief vir hom
en baie bly
hy is hier by my...

# LEKKER URE

Ek loop deur my tuin en hoor die verkeer op die M1,
en ek word so bly dat ek nêrens heen hoef te ry
dat ek net hier kan drentel
en my gedagtes laat wentel
en my planne kan maak vir volgende lente.

Hier teen die muur moet 'n ietsie van blou
beskerm teen die winter se knou
Baie rose vir die son, en varings vir die skadus
want hier's baie bome
waar die voëls kom lawaai en kwetter en skinder
maar dis nie iets wat my vrede kan steur
of my gedagtes kan hinder.

Ek gaan lê op die swaai
en kyk op in 'n hoë blaredak
daar bo in die toppe
maak die bessies se knoppe
'n randjie wat lyk soos 'n fyn hekelkantjie
geborduur teen die blou van die lug.

Ek raak loom en ek sug
en ek voel dat ek vér op vakansie is
en kan my maklik verbeel
dat die verkeer se gedruis die see is wat ruis
maar as ek hier opstaan,
is ek reg voor my huis.

Ek staan in die skemer by die hek
ek staan onder 'n rooi sambreel
die hond bring 'n stok in sy bek en wil speel
'n najaarsreëntjie val sag om my heen.
Die wit rose hang trosse
aan geil donkergroen bosse
en my hart sing 'n lied van die Here se seën.

# 1901 – 'n KLAAGLIED

Die Reusin stuur haar perde en haar skepe
van ver af oor die see; om te veg
teen 'n baba –nasie
twee dwerge met die name:
Vrystaat en Transvaal.
Op die wydtes van die vlaktes
in die laagtes,
teen die berge
lê die dooies in die son.
Die vrouens ween
die kinders sterwe.

Oral lê die wapens van die helde
op die vlaktes uitgesprei.
Selfs die diere word gestraf
die skape word verbrand
en die huurlinge kap die haksteensenings
van die beeste in hul troppe af
waar die aasvoëls
draai en vreet.
Die vrouens ween
en die kleintjies sterf.

Die huurlinge dra weelderige klere
baie versiersels
hang aan hulle
Hulle perde is blink
maar op die vlaktes
lê die kos van die vrouens en die kinders
en in die lande brand die groente en die graan.
Die huise staan in vlamme
en op die werwe
lê die honde dood.
Die vrouens ween en die kinders sterwe.

# 1901 – 1998

Ek sit met die portret van my oupa
en kyk terug deur meer as nege dekades
Sy baadjie hang moeg, verslete en pap –
laat my dink aan ons tieners se modes vandag
Maar op sy gesig lees ek die nood
vir sy vrou en sy kind en sy land se dood
Here, vra my hart, het hierdie man
daarná ooit weer gelag?

Wat lees ek nog op daardie bekende gesig
Hy staan langs 'n tafel en agter sy rug
lê 'n boot in die hawe waarop hy moet stap
en sy land moet verlaat:
die slagvelde, die kampe, verskroeide aarde,
die haat.
Sonder groet moet hy gaan
sonder weet of verstaan
dat twee kleintjies reeds dood is.

Hierdie foto, so oud en so dof, ruk aan my hart
Ek het hom maar effens geken,
niks verstaan van sy smart
Op sy plaas het ek tot agt jaar geword
hoe leeg sonder insig is 'n kind se gemoed
soveel jare daarna voor ek iets kon verstaan
van my oupa se leed en hoe sy drome vergaan
in 'n oorlog van onreg.

Uit Indië het hy teruggekom
na 'n plaas verwoes en 'n huis afgebrand.
Die beeste en skape was dood,
die putte vol klippe gegooi.
Net die groot bloekomboom het oorleef
reg voor die murasie – die enigste mooi.

Uit Durban se kamp het sy vrou teruggekom
verpletter in smart, vroeg oud deur die ramp
op sy bors, teen sy hart het sy uitgesnik,
van twee graffies in Meerbank se kamp.

# VICTORIA

Pa, is Victoria so ryk?
dat sy ons kon stuur na 'n plek
waar, as ek dié berge kon klim
wat net soos die wolke lyk
sou ek met gemak in die hemel kon kyk?
Die ou man sug.

Pa, wie ís Victoria, dat sy ons so kan trap?
Is sy die afgod van hierdie stuk lap
As ons sou neerval en háár aanbid
Sou sy dan ophou om ons só uit te put?
Die ou man sug.

My kind, sy is 'n grote koningin
Al die manne wat ons so geskiet het
daar op ons vlaktes het hulle kom sterf
omdat sy dit gebied het
en hier waar ons so sit en kyk
is óók maar 'n stuk van haar gesteelde ryk.
Die ou man sug.

Pa, die berge is hoog en skrikwekkend
Watter kant toe lê ons eie platte Transvaal?
Watter pad moet ons vat, en wie gaan betaal?
Dis die vlaktes wat roep
Maar wie kom ons haal?
Die ou man sug.

*('n Krygsgevangenekamp in Indië vlak teen die voet van die Himalajas.*
*'n Gesprek tussen 'n boereseun en sy pa.)*

# VAARWEL

Boet was plaas toe
en kom vertel
alles het verander
die nuwe mense
boer só skrander
Die ploeg loop reg by die grafte verby
die sipresse is weg
lê op 'n hoop verbrand
die diep rooi aarde lê soos golwe,
om gedolwe, en wag op reën
hier regeer 'n sterke hand.
My pa en ma lê nou in 'n land...
die knus ou kerkhoffie het verdwyn
en in my hart brand 'n seer, diepe pyn.
Boet, moenie weer gaan nie
ons tyd is verby.
Geld, is die skeidslyn;
die tjekboek, die kontrak
en 'n plaas verdwyn
oor die blad van 'n tafel;
'n handskud, 'n groet
en die motor wat dreun.

# MY LIG

Ek het 'n lampie
klein en fyn
onder is 'n boeppensie
van goue glas
en op die glas
'n skoorsteentjie wat skyn
sodat ek die lettertjies
kan lees hier op die kas.
Die lig is swak
die druk is klein
maar in die woorde is 'n troos vir my
ek sukkel so
ek word so moeg
dié lig is rêrig nie genoeg.
Sal U nie kom – of U engel stuur
om my te rig
ek soek U lig
hier op U woord
wat ek in my hande hou
voed my Heer
soos vir Elia
by die besembos
daar in die woestyn
gee U hom kos.

# PAMPOENTUIN

Hier kom eendag 'n baie slim man,
hoog geleerd en wetenskaplik aangelê
Hy vra: en waarmee hou jy jou besig elke dag
'n huisvrou alleen – wat werk jy? Wat kan jy sê?
'n Yslike huis en 'n pragtige tuin – !
'n groot stuk grond wat sommer hier lê?
Ek boer hier op klein skaal, geagte meneer.
Dis amper 'n plasie in Eloff – straat,
ons plant en ons oes en ons spit
die pitte en blare en wortels
Ons is besig en werksaam van vroeg tot laat.

Hy kyk met intense belangstelling na al my pampoene,
Hy voel en hy ruik en hy druk.
En wat het ek hier, reg langs die witte – 'n groene?
maar daar's fout, hy lyk nes die witte!
O, liewe! O, Mens! dit is 'n hibried!
Kan jy my dalk wys hoe lyk sy pitte?
wat het jy gedoen – hoe kon dit geskied?
Ag nee wat meneer –
dis sommer 'n baster
kom af aarde toe
en moenie so laster!
Dis die bytjies wat tussen die blomme rond zoem –
en al hierdie wonders so maklik bestuur –
self, het ek daar eintlik baie min mee te doen!

## TAGTIG JAAR

Wat moet ek maak met hierdie dag van my?
Moet ek my staal om dit te vier?
dié dag waarop ek nou werklik oor die grenslyn gly –
moet ek kos kook en lag en grappe maak?
of moet ek bely...!
O, ek voel so siek
moet tog nie kom nie
ek voel publiek
of my einde my grynsend aanstaar!
my klere is oud
die weer is koud
die winter was te lank
ek het nie krag om die winkels in te vaar
om iets te gaan koop
al is dit ook wat
net iets waarop ek kan hoop
om weer jonk te kan voel...
Nee – dis koebaai vir die jeug
daar's niks wat kan red.
So – krul maar die haartjies
en poeier die neusie
en kruip terug in die bed.

# BAIE DANKIE

Violet Pienaar was my getroue ondersteuner en geduldige tikster wat maar oor en oor wéér getik het.
*Baie dankie!*

My twee dogters, André en Ansophie, het my aangemoedig om deur te druk en hierdie versameling saam te bind sodat hulle en ek dit kan uitgee ter bemoediging aan ander en 'n getuienis van hulle kinders se ouma.
*Baie dankie!*




Bines, my seun, vir sy ondersteuning en al die lekker uiteet waar ek weer sy getuienis hoor.
*Baie dankie!*

Kontaknommer: 011 788 4336



